PROF. DR. S. P. ENGELBRECHT, *Die Nederduitsch Hervormde Gemeente van Rustenburg,* 1850-1950. Pretoria, 1950.

PROF. ENGELBRECHT is erkend een van die beste kenners van die geskiedenis van Suid-Afrika en van die Kerkgeskiedenis hier ter lande. Hy het hierdie boek geskryf vir die geleentheid van die Eeufeesviering

van die Rustenburgse Gemeente van die Ned. Herv. Kerk. Dit is die tweede oudste gemeente in die Transvaal en het in hierdie jaar sy honderdjarige bestaan herdink, soos die Potchefstroomse Gemeente in 1942 gedoen het.

„Die Hervormde Kerk is die Kerk waarmee Transvaal aangelê is." So begin die skrywer sy geskiedenis van die gemeente en wys daarna op die voortdurende bedreiging van die Hervormde Kerk deur die Kaapse Kerk, soos Transvaal self voortdurend uit die Kaap bedreig is. Die Transvalers het daarom op kerklike en staatkundige gebied nie sonder rede nie, wantrouig gestaan teenoor die Kaapse goewernement en die Kaapse Kerk. Besoekende Kaapse predikante het deur hul optrede die wantroue dikwels vermeerder.

Tot die afstigting van die gemeente is op die Potchefstroomse Kerkraadsvergadering van 21 Jan. 1850 besluit en die Volksraad het dadelik daarop twee onbeboude plase aan die te stigte gemeente toegesê. Dit het die kerkdorp, Rustenburg geword. Maar die afstigting self het eers in November 1850 werklikheid geword.

Deur al hierdie vertelling hou die outeur 'n stroom van intieme beskrywinge van persone en toestande by, waardeur die verlede voor mens leef asof jy daar self teenwoordig was. So 'n voorval nou as die akrobatiese vreugde-toer van Paul Kruger, die latere staatspresident, op die nok van die pasvoltooide kerkgebou! (bls. 14).

Die groei van die gemeente was vlug, sy weg moeilik en sy beproewinge veel. Verleentheid om 'n eie predikant, het telkens weer die hefboom geword waarmee besoekende Kaapse predikante die Transvaalse Kerk en gemeentes onder die Kaapse Sinode wou inwig. Maar die Transvalers se keuse was een van beginsel: liewer sonder predikant as onder die Kaapse Sinode. Hierdie toestand het daartoe gelei dat die Kerk in die Transvaal sy eerste predikant uit Holland beroep het, naamlik Ds. Dirk van der Hoff. En van die betekenis van hierdie Godsman het die sterwende Staatspresident Andries Pretorius in skrif getuig, terwyl hy vir laas gewys het op die noodsaaklikheid om nie onder die heerskappy van die Kaapse Sinode te kom nie.

Na die besoek van Ds. Murray aan Engeland, waar hy protesteer het teen die onafhanklikheid van Transvaal en Vrystaat, het die verset teen enige inlywing by die Kaapse Kerk nog meer toegeneem. In hierdie omstandighede was die koms van Ds. van der Hoff 'n uitkoms en dat dit tenvolle waardeer is, getuig die lywige feesprogram by geleentheid van sy ontvangs in die Transvaal. Daarna het groei-jare ingetree vir die Kerk.

Onvertroebel was hierdie jare ook nie; eers volg die afskeiding onder Ds. Postma, en weldra die onsmaaklike optrede van Frans Lion Cachet, dan die Eerste Anneksasie van Transvaal en eindelik die mis-

lukte Kerkvereniging. Midlerwyl het Rustenburg sy eie predikant gekry in die persoon van Ds G. W. Smits, wat met die steun van 'n Hollandse hulpfonds uit Nederland gekom het. Roerend beskryf die outeur die beproewinge, offervaardigheid en moedige optrede van hierdie man wat hom heelhartig ingewerp het by die lot van die Transvaal en die Hervormde Kerk.

Deur dit alles heen laat die skrywer die oudheid leef met die vertelling oor bekende plekke en persone en die beskrywing van ou gebruike, soos die pos van „dominé", d.i. die voorsanger; hoe belangrik en swaarwigtig was in die dae nie die dispuut tussen Kerkraad en stadsraad oor die gebruik van die kerkklok en kerkplein vir marksdoeleindes nie! Vanaf bls. 80 vertel die skrywer 'n reeks van sulke tekenende staaltjies wat die lewe en opvattinge van die tyd kostelik illustreer.

Die boek is origens ryk met portrette van bekende persone uit die kerklike en staatkundige lewe versier. Op die voorblad pryk 'n afbeelding van die sierlike pas voltooide Eeufees-kerk

Uiterlik en innerlik is die werk goed versorg. Daar is net 'n ongerymdheid oor die aantal persone wat gemoedsbesware teen die sing van Evangeliese Gesange in die Rustenburgse Gemeente gehad het — op bls. 27 word hul aantal as twaalf aangegee, terwyl op bls. 37 hulle weer voorkom as negentien.

Die werk van PROF. ENGELBRECHT behoef nie aanbeveling nie. Daarvoor is hy en die resultate van sy ondersoekinge te bekend.

A. S. GEYSER.